

'n GLIMLAG bring jou ver'

Sy is die *Bravo!*-aanbieder met die kopagteroor, uitbundige lag. Dis g'n masker nie: Soos Tracey Lange voor die kamera is, is sy elke dag

DEUR LYDIA VAN DER MERWE FOTO MARIJKE WILLEMS STILERING FANIE CRONJÉ

Lente. Kompanjies-tuin. Kaapstad. Middagete onder die eeue-oue bome se blaredak. Tyd lui hier; die stad se woelige ritme eers op die agtergrond.

Tracey Lange staan soos 'n eksotiese blom uit. So deel van die Kaap soos die berg, wind, wyn. Plek van haar hart, holte vir haar voet.

Haar pastelgroen rok beweeg liggies. Aan haar voete is baksteen-rooi tekkies. 'n Paar groen wighakskoene in die sak langs haar. Sy is gemaklik in albei: verteenwoordigend van die rooitapyt-glanswêreld van *Bravo!*. En plat op die grond, letterlik te voet deur die Moederstad se strate.

Skaars twintig minute se stap uitmekaar is haar blyplek in Vredehoek, Heart FM se ateljees in Groenpunt, waar sy die oggendprogram, *9 to 12 on Heart 104.9FM*, aanbied, en ook Homebrew, wat *Bravo!* vervaardig, in Tuine. By haar bestemming glip sy haar tekkies uit, hoëhakke aan. Sy vrees vir ander motorryers se heil as sy agter die stuurwiel in klim.

Sukses, styl, talent . . . woorde gekoppel aan die modetydskrif *Elle* se "It-Girls", waarvan Tracey in 2013

'n uitverkorene was. In 2014 was sy een van die tydskrif *Cosmopolitan* se "Awesome Women". Vir die kollig gebore, al beskryf sy haarself as "'n bietjie van 'n *nerd*" op skool. Haar aandag was destyds op haar blokfluit, die klavier toegespits. As die *cool* kinders haar groet, het sy gedink hoe gaaf dat hulle die moeite doen. Eers ná matriek het sy besef hulle het haar beslis raakgesien, dopgehou.

Die einste Tracey het die voormalige Bokkaptein, François Pienaar, op haar hoëhakke by die lughawe ingehol.

"Hy's 'n lang, groot man, 'n oud-rugbyspeler, massief. Ek tik hom so van agter af en hy draai om. En ek besef ek het nie gedink wat gaan gebeur as hy dit doen nie! En ek sê net: 'Hallo, François Pienaar, jy weet nie wie ek is nie. Ek is by die streeksradiostasie Smile FM in Kaapstad [dit was voor Heart FM]. Kan ek 'n onderhoud met jou voer?' En hy sê: 'Ja, maar jy's mos op *Bravo!*? Met graagte, kontak my.'"

Sy gooi haar kop agteroor, lag haar uitbundige lag. "François Pienaar is 'n teddiebeer, daar's geen ander woord nie."

Tracey is 'n mengsel van goeie, outydse waardes en iemand wat ligoets, sonder baie bagasie, op die

aarde trap. Haar pa, Colin, was voor sy aftrede 'n tentmaker-priester by die Nuwe Apostoliese Kerk, hy het dus ook 'n ander beroep beoefen. Eenkeer selfs twee gemeentes gehad, plus sy werk as verkoopsvertegenwoordiger. Haar ma, Theresa, 'n verkoopsdame, het haar van die werk af huis toe gehaas sodat haar gesin daardie aand 'n goeie bord kos kry. Tracey en haar suster, Deidré, nege jaar ouer, het na aan hul ouers se hart grootgeword. "Ek het hulle altyd as verskoning gebruik as ek nie lus was om uit te gaan nie. 'My ma'le sê nee.' Dan weet hulle van niks!"

Sterk godsdienstig, maar anders as die tradisionele Christelike siening, ervaar sy God as 'n soort goedge Kersvader vir wie sy E.T.-grappe kan vertel. "Wat het E.T. se ma gesê toe hy by die huis kom? Waar op aarde was jy?" En dan lag Tracey haar aansteeklike lag. Haar radioluisteraars ken haar grappe. "Dis simpel, maar luisteraars is mal daarvoor. En dit gee niemand aanstoot nie."

Ná matriek het haar kop regte toe gestaan. Sy het kantoorwerk gedoen terwyl sy deelyds by Unisa gestudeer het. Dit was haar baas, toe al 'n goeie vriend, wat gesê het haar talente is

Hare en grimering Alex Botha Rok The Space



Tracey op die strand van die Long Beachoord op Mauritius. Sy was in September saam met SARIE daar vir 'n *Bravo!*-insetsel oor ons voorblad-fotosessie met Donnalee Roberts. Sy het terselfdertyd ook met Donnalee en Ivan Botha gepraat oor hul fliek *Vir Altyd* wat hulle gedeeltelik daar geskiet het en wat op 12 Februarie begin draai. SARIE is 'n mediavenoot van die fliek.

verlore in 'n kantoor. En eendag: "Moenie net werk en studeer nie, jy moet pret ook hê." Dis toe dat sy besluit het om naweke haar passies na te jaag. Sy het vir 'n aanbiederskursus in Johannesburg ingeskryf, onder die vlerk van TV-aanbieders Freek Robinson en Leanne Manas.

Elke naweke, ses weke lank, Goudstad toe. Haar eerste kennismaking met 'n vliegtuig. Ná die tweede week karring haar ma: "Jy weet nie eens hoe die bedryf lyk nie. Gaan help uit by Radio Helderberg." Sonder betaling. Theresa voel sterk daarvoor dat jy jou passies aan die werklikheid se eise toets. Toe Tracey daardie eerste keer by dié gemeenskapsradiostasie op Somerset-Wes instap, word sy die eenuur-nuus in die hand gestop. Sy sweet, maar lees daai nuus. Nog voor die kursus klaar is, kry sy daar 'n werk as nuusleser. Só het die deure een ná die ander oopgeswaai, soos domino's wat val. Binne drie jaar was sy heeltemal binne die uitsaaibedryf – die ontbytprogram op Smile FM en 'n aanbiederspos op *Bravo!* hare.

Sy is al gewoon daaraan dat mense haar op TV sien en dink sy is groter. Sy wys met haar hande, só dik. In werklikheid is sy 1,68 m lank, haar rokgrootte 'n klein nommer 8. Dis 'n TV-illusie wat die kilogramme laat opstapel. "Mense laat weet: 'O, Tracey, jy het gisteraand op *Bravo!* verskriklik gelyk, hoekom dra jy jou rokke so kort, jy is heeltemal te rond daarvoor.'" Dan antwoord sy onverstoord: "Dankie dat jy my sê. My ma kyk na die program en sy gaan waarskynlik ook so dink." En as hulle haar ontmoet: "O, jy het baie gewig verloor."

Mense het dalk 'n vrye sê, maar is selde onbeskof met haar. Selfs die Franse, berug vir hul ongeskiktheid, het haar sak "van hier tot daar" gedra toe sy daar op reis was. "n Glimlag bring jou nogal ver."

Daai lag, kopagteroor, uitbundig, vry. Is dit hoe jy regtig voel, hoe jy die lewe aanpak?

Sommige mense raak moeilik oor my lag. Hulle reken dalk dis te hard, of dalk

is iemand wat altyd alles geniet 'n pyn. Ek dink nie almal kan verstaan dat ek gelukkig is vandat ek my oë soggens oopmaak nie. Hulle ervaar dit dalk as vals. My lag kom natuurlik en ek voel net so. Ek put soveel plesier uit klein dingetjies. Soggens skrik ek wakker, dis doodstil en dan hoor ek die eerste voëltjie. Ek kan presies sê hoe laat: In die winter net ná 6.30 en in die somer 4.33.

Jy gesels so maklik, op die lug, TV, in geselskap. Is dit deel van jou persoonlikheid of moes jy dit aanleer?

Dis maklik, maar ek is nietemin gemakliker met stilte. Om byvoorbeeld by die huis te sit en in stilte na die berg

groot kop kry nie.

Jy is baie by liefdadigheid betrokke?

My ouers het van kleintyd af die voorbeeld gestel. Dis deel van my lewe, iets waarvoor ek nie twee keer dink nie. Jongmense is veral vir my belangrik, om hulle die potensiaal in hulself te laat ontdek. Soos iemand my gehelp het om dit in myself raak te sien.

'n Mens kan jou op TV deur 'n ring trek. Is dit jou eie styl? En wat dra jy tuis?

Dis my eie styl, hoëhakke, baie kleur. Dis lekker om mooi aan te trek. En hoef nie die duurste klere te wees nie. Tuis trek ek gemakliker aan, 'n



'n Onderhoud vir *Bravo!* met sanger Heinz Winckler by die Pioneer Rally ten bate van die Pionierskool vir Siggestremdes. Regs is sy by die bekendstelling van die vodka CÍROC Pineapple by die One & Only in Kaapstad.

te kyk. Maar ja, mense voel tuis in my geselskap en dis belangrik. Ek doen moeite dat jy nie uit jou gemaksonne voel nie. Dis vir my lekker, so op my eentjie in die ateljee. Ek fokus op die luisteraars en kleur hul dag 'n bietjie in. Aanvanklik kon ek nie verstaan dat hulle na my sou wou luister nie. Tot ek besef het ek is die middelman wat ander mense se stories na hulle toe bring.

Al die glamour . . . hoe hou jy jou voete op die grond?

Ek is mos g'n beter as enigiemand anders nie. Ek het 'n lekker werk, ja. En dis wonderlik as mense my wil ontmoet en met my wil gesels. Ek dink in elk geval nie my ma sal toelaat dat ek 'n

kortbroek, helder top. Altyd netjies, ek kan met selfvertroue vinnig iewers heen gaan. My ma is net so. Toe ek nog in die huis was, het my kerkvriende altyd gesê: Sjoë, ons kan nie wag dat jou ma Sondae die kerk instap nie, ons wil na haar skoene kyk. Sy het meer as ek!

En jy het meer as *Sex and the City* se Carrie Bradshaw. As ambassadeur van 'n skoene-handelsmerk kry jy dit mos gratis.

Ek het 173 pare, spesiaal vir jou getel. Ek dink nie dis te erg nie, of hoe? Maar om terug te kom na jou vorige vraag. My ma sê graag: Eerste indrukke bly. My woonstel is altyd netjies. Die

vensters wawyd oop. Mense stap in en sê: "Dit ruik na Jik en Domestos!" Ek hou van die skoon reuk. My ma sê ook altyd: Wat as jy op straat flou val, iemand vat jou huis toe en dis nie netjies nie? [Lag.]

Jy't 'n perfeksionistiese streep?

Beslis. Maar ek is rustiger vandat ek 'n jaar gelede dertig geword het. Ek druk myself nie meer onnodig nie. Alles hoef nie altyd perfek te wees nie, jy kan foute maak. Móët, want hoe gaan jy andersins leer, groei? Ek is ook strenger met wie ek my tyd deurbring. Sommige mense vat net en gee nooit iets terug nie. En jou energie raak op.

Jou Afrikaans is so mooi. Hoe voel jy oor ons taal in

Afrikaans: "Lekker dag." Hul gesigte, kostelik, sê hy! Hoekom van taal 'n rasding maak, dis tog uiteindelik net 'n manier om te kommunikeer.

Jy was voorheen verloof.

As ek terugkyk, besef ek hoe verkeerd die verhouding was. Hy het my baie gedruk om harder te werk en in my kollig gebaai. Maar wou nie vir sy eie lewe verantwoordelikheid aanvaar nie. Dis lekker om iemand te hê wat net so besig soos ek is, net so passievol oor sy werk [as bemarkingsbestuurder] is. Avukile is so rustig, maar kan ook lekker gesels. Naweke maak hy vir die hele week kos, wat ons in ons onderskeie vrieskaste sit. Ons is al twee jaar saam, het al baie sakke sout

maak, is of iets reg of verkeerd is. Nie kleur nie. Dit pla my egter as dinge gewelddadig raak. Daar is geen rede om karre, geboue, enigiets te beskadig nie.

Voel jy ooit te na gekom oor die verlede?

My ouers het nooit Apartheid vir my lewend gemaak nie. Hulle het my geleer die lewe is wat jy daarvan maak. Avukile sê altyd daar is resultate, of verskonings. Jy moet kies, jy kan nie albei hê nie. Ons kla so maklik.

Dis deesdae nie baie koel om godsdienstig te wees nie . . .

Dit pla my nie. Ek sê gereeld ek gaan kerk toe en is by baie dinge daar betrokke, soos NACTV, 'n TV-kanaal. [Op DStv, onder Commercial



Dié rooi tekkies was 'n verjaardaggeskenk van haar vriend, Avukile Mabombo (saam met haar op die middelste foto). Heel regs is sy saam met Elma Smit en Nadia Beukes by die Pioneer Rally. Saam met Heinz Winckler was hulle verlede jaar deel van die 35 glansmense wat met 'n siggestremde navigator aan die tydren deelgeneem het.

die spervuur? Is dit dalk die engheid in eie geledere wat dit meebring?

Iemand sê anderdag oor my Afrikaans: "Dis nie hoe ons mense dit praat nie." Dit maak my hartseer as jy dit vir 'n bepaalde groep wil toeëien. En nee, dis glad nie die taal van die onderdrukker nie. Maar baie wyer, 'n pragtige taal, in al sy dialekte. My vriend, Avukile Mabombo, is 'n Xhosa en praat 'n paar tale, insluitend Afrikaans. Nou die dag in 'n hysbak bespreek twee tannies hom in Afrikaans: "Watter ordentlike, aantreklike jongman. Hy het sulke goeie maniere, kyk hoe mooi groet hy ons." Toe hy uitklim, groet hy hulle in

opgeëet, maar kyk die kat eers goed uit die boom. Geniet die nou, ons het immers baie tyd.

Het jy hoop vir ons land, dat ons oor kleurgrense hande sal vat?

Kyk, ons demokrasie is jonk. Londen en al daai plekke het kerke wat baie ouer is. Wees net geduldig, ons sal daar kom. Ons moet foute maak, sodat ons daaruit kan leer. Baie van my generasie het lankal verby kleur beweeg. Anderdag met die #feesmustfall-betogings sien ek UCT-studente betoog – wit, swart en bruin, hand aan hand, vreedsaam. Dis waar ons nou is, dis waar ons moet wees, saamstaan teen dinge wat belangrik is. Wat saak

Subscription.] Ek hoef jou nie elke keer dat jy by my kom te vertel hoe wonderlik God is nie. Maar dis deel van my lewe. Jy hoef nie dieselfde as ek te glo nie, solank jy my geloof respekteer. Soos wat ek jou geloof respekteer.

Waar sien jy jouself oor tien jaar?

Tien jaar? My lewe sal nie tot 'n einde kom as ek nie kinders het nie, al is ek deesdae gemakliker met die idee. Ek sou graag getroud wou wees, meer oorsee wou gaan vir my werk . . . die res weet ek nie. Ek beplan nie my lewe vooruit nie. En wil maar net die beste wees wat ek nou kan wees. ■